# Mooi dink voor jy eksekuteur kies



Nico van Gijsen

## Raad met jou Rande

Ek het die week 'n vraag van 'n leser gekry oor die heffing van BTW op eksekuteurstariewe. Kom ons kyk ook na die gevolge van onoordeelkundige eksekuteursaanstellings en kortpaaie met finansiële beplanning.

Die leser verwys na 'n handboek wat sê dat 'n prokureur of ouditeur wat as die agent van 'n eksekuteur aangestel word, nie BTW mag hef nie. Dit is nie korrek nie.

Baie mense stel as eksekuteur 'n familielid of makelaar aan wat nie weet wat om te doen nie. Hulle stel dan 'n agent aan om namens hulle die boedel te beredder. So 'n agent sal dan 'n prokureur, ouditeur, of trustmaatskappy wees.

Die eksekuteurstarief is gewoonlik soos statutêr bepaal 3,5% van die boedelbates waarmee gehandel word plus BTW (14%) as die eksekuteur vir BTW geregistreer is. Die tarief, BTW ingesluit, is betaalbaar deur die boedel.

As die aangestelde eksekuteur nie vir BTW geregistreer is nie, of al is hy vir BTW geregistreer, maar nie in sy hoedanigheid as boedeladministrateur nie, kan hy nie BTW uit die boedel vra nie. Gevolglik kan die agent aan wie hy die administrasie van die boedel oorlaat, al is dié vir BTW geregistreer, ook nie die BTW uit die boedel verhaal nie.

In so 'n geval sal die agent die BTW direk van die aangestelde eksekuteur persoonlik verhaal. Dit is 'n risiko waarop gelet kan word met die aanstelling van iemand anders as 'n professionele persoon of instelling as jou eksekuteur. Of vir iemand wat goedsmoeds die aanstelling van eksekuteur aanvaar, want jy kan aanspreeklik gehou word vir belasting, sonder dat jy dit kan verhaal van enigiemand.

Die eksekuteurstarief word bereken op die totale waarde van die bates in die boedel waarmee die eksekuteur werk. Dit beteken nie net die bates wat direk deur die oorledene besit is nie, maar ook ander bates, al het die oorledene dit self nie besit nie. In huwelike binne gemeenskap van goedere moet die eksekuteur met al die bates in die gesamentlike boedel werk en word die tarief op die totale bates gehef, nie net op die oorledene se helfte nie.

Loop lig vir gesamentlike testamente. Dit het geen bindingskrag op een van die partye nie. Gewoonlik word daar in so 'n testament boedels saamgesmelt met 'n vruggebruik aan die langslewende gade.

Nie net kan jy vir erfgename probleme skep met die las van 'n persoonlike reg op 'n bate wat hulle besit nie - jy skep ook belastingprobleme en 'n hoër eksekuteurstarief. Eerstens wag daar 'n kapitaalwinsbelasting-probleem vir die erfgenaam wanneer hy dit wil verkoop. Tweedens, omdat die boedels saamgesmelt het, ongeag of die huwelik buite gemeenskap van goedere was, werk die eksekuteur met die saamgestelde boedel en word sy tarief gehef op al die bates in die boedel en nie net die bates van die oorledene nie.

▸ *Nico van Gijsen, CFP® is bestuurende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg, 2000 of nico@finlac.com.*

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.*